

Project name: AL3283

Date of interview: 9 February 2009

Location of interview: Garsfontein, Pretoria

Language/s of interview: Afrikaans

Length of interview: 10 minutes 13 seconds

Name of Interviewer: De Wet Potgieter

Name of interviewee/s: Colonel Vic McPherson

Name of translator (if any):

Name of transcriber: De Wet Potgieter

Notes on access and use (if any):

Audio file name/s of interview: AL3283_PTA_MCPHERSONVIC_20090209_2

Interviewer	Ons gesels weer met Vic McPherson. Ons wil met hom gesels oor die Lusaka-bom van die ANC-kantore wat opgeblaas is daarso.
Vic	<p>Die bom het afgegaan die vyfde Junie 1985. ANC-kantore, Lusaka, Cha-cha Road.</p> <p>Wat gebeur het is dat ons het 'n Indiër gehad wat 'n skoensfabriek in Swaziland gehad het. Hy moes, of hy het op 'n daaglikse basis of 'n weeklikse basis het hy na die ANC-hoofkantoor in Lusaka gegaan en dan het hy saam met Joe Slovo in sy kantoor gesit en met al die topmense gesit en gesels en hy het hierdie skoensfabriek, dis sokkerskoene, tekkies, Batas al sy dinge wat hy toe verkoop het in Afrika.</p> <p>Hy het so liggeel, nee, ligbruin leertas gehad. Toe sê hy vir my en ander kollega hy is in staat. Eintlik het ons hom gevra as jy elke week daar in Lusaka kom, hy vlieg vanaf Swaziland soontoe.</p> <p>Elke week as jy daar kom, is jy bereid ons gaan vir jou 'n bom in jou tas inbou, jy gaan niks sê nie.</p> <p>Is jy bereid, en dit gaan twintig minute neem voordat die bom afgaan, is jy bereid om die tas in Joe Slovo se huis, se kantoor, sorry, per ongeluk te vergeet, dan betaal ons jou R20 000.</p> <p>Die Asiatiese mense as hulle dollars sien is hulle vir alles beskikbaar,</p>

Hy stem toe saam en ek en my kollega het dit geneem na spesmagte by speskop. Daar was 'n majoor en hy het sy meestersgraad gehad in elektronika. So en ook ploffstofkunde en daai goeters.

Ek gaan gee toe vir hom daai tas en hy sê dit is maklik. Weet jy, hy het daardie hele tas uitmekaar gehaal en in stukke gelê. Hy het twee ladings springstof, een op die plek waar jy hom oopmaak en een onder daarmee gelaai.

Dan het hy die ding so gepraakseer dat jy die penne warmee jy die blaaihorde (om lesings te gee) het hy so pen gevat ook gelaai met springstof.

Dan het hy sy eie sakrekenaar, wat enige wiskundige probleem kon oplos, daarin was 'n batterytjie en hy het daai ding gestel as jy net een viersyfers in en die oomblik wat dit ingedruk is begin die klok agteruit hardloop en op 20 minute later dan ontplof die sakrekenaar van hom en die elektries stuur 'n skokgolf in die pen van die skryfbord in en skokogolwe deur daardie pen hardloop dan tot in jou bladspringstof dan ontplof daardie springstof.

Dit was so in die koerante die bom het afgegaan het, maar nie in Joe Slovo se kantoor nie.

My kollega is Swaziland toe. Nou het ons R15 000. Die bom het gewerk. Hulle het sulke staalplaatdeure om in te gaan en dan het daar drie terroriste die plek opgepas.

Daai bom... om terug te kom wat gebeur het hy nooit, hy het kantoor toe gegaan, maar sonder sy tas. Hy was in Joe Slovo se kantoor, maar sonder sy tas. Toe het hy geweet hy moet iets doen. Toe sluip hy negeuur die aand in die donkerte na Cha-cha Road toe.

Die tas so teen die plate gesit, die pincodes ingeslaan en binne 20 minute hardloop daai bom, vat die hekke weg. Dit is net een, twee verdiepinggebou, maar van sink, toe lug hy daardie hele gebou dat hy so gaap, dis nie major nie, maar die terroriste wat die plek opgepas het- drie stretcher cases. Hospitaal toe.

Maar nou het hy nie gedoen wat ons vir hom gesê het om te doen nie anders sou hy R20 000 verdien het. Gaan ons toe na hom toe om hom te betaal. Nee, die bom het afgegaan. Jy het nie gedoen wat jy belowe het om te doen nie. Jy het nie vir Joe Slovo doodgemaak nie, jy het sommer net die hekke en die dak weggeblaas. So ons gee jou nie R20 000 nie, maar net R15 000. Nee, maar hy kan nie verstaan nie. Ek sê jy kan nie verstaan nie. Jy kry 'n opdrag of jy maak 'n belofte aan ons.

Jy weet, daardie Indiër, die Waarheidskommissie het my gevra want sy kinders in Swaziland het kom vra hulle kan nie uitvind waar is hulle pa nie.

Sy pa het by 'n vyfster-restaurant ingeboek en van ons mense, of hy sou besigheidsmense spreek. Hy het daardie nag net verdwyn. Hulle vra of ons hom doodgemaak het. Ek sê, nee.

	<p>Miskien het die ANC hom doodgemaak. Miskien het hulle uitgevind hy werk vir ons. Hy het net eenvoudig verdwyn. Daar was nie begrafnis nie. Daar was niks. Hy is moer toe.</p>
--	--